Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Navrae**
Dr Elbie Adendorff
021 808 2168
elbie@sun.ac.za

# Departement Afrikaans en Nederlands

## Afrikaanse Taalaanleer 289
### Afrikaans as Tweede Taal

Slegs studente wat ATA 189 geslaag het, mag vir die module registreer. Geen moedertaal-sprekers van Afrikaans mag die module neem nie.

Die module fokus daarop om studente toe te rus om:

- die hoofkenmerke van ’n verskeidenheid Afrikaanse tekste en hoe betekenis daardeur geskep word, te verstaan en te gebruik;
- kommunikatiewe taalvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik;
- strategiese luister- en leesvaardighede toe te pas en te gebruik;
- praatvaardighede verder te ontwikkel en te gebruik; en
- literêre vaardighede te ontwikkel en te gebruik.

### Opmerkings

1. Visuele media- en filmstudie vorm ’n groot deel van die module.

### Metode van assessering

’n Stelsel van buigsame assessering word in ATA 289 gebruik. Die prestasiepunt word saamgestel uit alle toetse, werkstukke en opdragte wat gedurende die jaar voltooi is. Studente skryf nie aan die einde van die jaar eksamen nie, maar wel vier verpligte toetse deur die loop van die jaar. Studente word aan die begin van die jaar skriftelik ingelig oor die manier waarop die prestasiepunt bereken word en ontvang in die loop van die module gereelde terugvoering oor hul vordering.